

Maandag

2 Kor.1 – 18; 5:16 -21; 11:23 – 29. Teks 2 Kor. 4: 7: “Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref kom dus van God af, nie van ons nie.” Paulus kondig met hierdie teksvers die krag aan wat maak dat Christene nie moed verloor met hul lewe en roeping nie, maak nie saak hoe swaar die lewe is of watter terugslae hulle in die lewe tref nie. Paulus gebruik ’n voorbeeld van kleipotte om te wys wie en wat is die krag wat ons behoue laat bly in hierdie lewe. Die kleipotte waarvan hy hier praat was in Paulus se tyd die algemene houters vir verbruikersware in die handel rondom die Middellandse See gewees. Dit is amper soos vandag se karton- of plastiekverpakking. Hierdie kleipotte was net bedoel om ’n houer te wees vir die vervoer van graan, wyn en ander handelsware. Met hierdie beeld stel Paulus dat elke deel van ons menswees kan maklik breek. Na liggaam, siel én gees is ons kleipotte wat maklik breekbaar. Hierdie beeld wil juis beklemtoon dat ons nie ’n binnekant het wat so kragtig is dat dit al die terugslae en uitdagings van die lewe te bowe kan kom nie. Met hierdie breekbaarheid word gelowiges boonop nog baie keer so verdruk, verleë gemaak, vervolgd en platgeslaan dat hulle eintlik maklik kan breek. Paulus vertel waarom gelowiges nê tot breekpunt kom om moed met die lewe vir en diens aan God op te gee nie: dis omdat hulle nie met eie krag hierdie swaarkry oorkom nie: “die krag wat alles oortref kom dus van Góð af, nie van ons nie.” God laat ons in ons breekbaarheid deur sý krag vir Hom behoue bly - nie deur enige krag van ons eie nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds Petrus

Dinsdag

2 Kor.4: 1 – 18; 5:16 -21; 11:23 – 29. Teks 2 Kor. 4: 7: “Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref kom dus van God af, nie van ons nie.” Die voorbeeld van kleipotte wys dat God die eienaar van die kleipotte is. God doen twee dinge met hierdie kleipotte. Hy gebruik dit as houters vir sy skatte en Hy sorg dat die potte so hanteer word dat die skat wat hulle hou vir God bewaar bly. Die krag wat die kleipotte behoue laat bly, is hul eienaar se sorg en toesig. Dit is God wat self sorg dat ons vir Hom behoue bly vir die skat wat ons dra. Die skat wat ons dra wys in die sin: “Die sterwe van Jesus dra ons altyd saam in ons liggaam, sodat ook in ons sterflike bestaan die lewe van Jesus sigbaar kan word.” 2 Kor.4: 10. Paulus verduidelik hierdie lewe en sterwe van Jesus wat ons in ons dra in 5: 15, wat ’n herhaling van 4:11 is: “En Hy het vir almal gesterwe, sodat dié wat lewe nie meer vir hulleself moet leef nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf en uit die dood opgewek is.” Die skat is ons eenheid met die sterwe en lewe van Jesus Christus. Die eenheid met Christus se lewe as mens in die hemel, gee ons nuwe waarde vir God. Dit is net soos met kleipotte wat verpakkingshouters is. Die waarde van die skat word waardetoevoeging vir die houer. Daarom word die houer met dieselfde waarde hanteer as die skat. Paulus stel dit so: “Ons beoordeel dus van nou af niemand meer volgens menslike maatstaf nie. ... Iemand wat aan Christus behoort is ’n nuwe mens.

Die oue is verby, die nuwe het gekom. Dit alles is die werk van God.” 5: 16 – 18. Die skat se waarde maak dat die eienaar die houer met dieselfde kosbaarheid hanteer as die skat in die houer. Dit is ons krag. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus

Woensdag

2 Kor.4: 1 – 18; 5:16 -21; 11:23 – 29. Teks 2 Kor. 4: 7: “Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref kom dus van God af, nie van ons nie.” Die krag wat alles oortref is God se krag wat ons met dieselfde sorg, bewaring en kosbaarheid hanteer as waarmee Hy sy Seun hanteer. Waarom? Omdat ons een is met die lewe en sterwe van sy Seun. Ons uitkoms uit swaarkry is nie ons innerlike menslike krag nie, dit is die Eienaar (God) se hantering van sy houers en sy skat. Hy sorg en bestuur die wyse hoe sy kleipotte hanteer word, sodat die houers (ons) van sy skat nie gebreek word nie. God skep die uitkomst uit swaarkry wat Paulus hier stel in 2 Kor 4: 8-10. "Nooit terneergedruk in verdrukking", beteken dat God self daarvoor sorg dat verdrukking nooit 'n krag word wat sy kinders in hulle liefde en diens aan Hom onderdruk nie. "Verleë oor raad, maar nooit radeloos nie", beteken nie dat God ons nuwe raad gee nie. Dit beteken dat God ons verleenthede in swaarkry, altyd omskep in nuwe geleenthede hoe om Hom lief te hê en te dien. "Vervolg maar nooit verlaat nie", beteken nie dat ons vervolging vir ons liefde en diens aan God ophou nie. Dit beteken dat God nooit ons vervolger word nie, maar altyd ons Pleitbesorger in alle vervolging bly. Net so beteken "neergegooi maar nie vernietig nie," nie dat God ons weer die krag gee om op te staan nie. Dit beteken dat Hy ons optel wanneer ons neergegooi word. So skep God die nuwe lewenswyse van: “Ek doen omdat ek glo”, teenoor 'n lewe in moedeloosheid. 2 Kor.4: 13. Omdat ek glo dat ek 'n houer is vir God se kosbare skat, doen ek wat 'n houer moet doen! Ek dra die skat wat in my is, in en deur al die swaarkry van die lewe deur mense wat nie my waardig ag of ken nie. Preek op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus

Donderdag

2 Kor.4: 1 – 18; 5:16 -21; 11:23 – 29. Teks 2 Kor. 4: 7: “Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref kom dus van God af, nie van ons nie.” Ons verloor die lewenswyse van “glo en doen” en gee moed op met die lewe deur die valse boodskap van geestelikes dat jy God se skat is. Dit is die leuen in al die geestelikes se gekoer oor hoe lief God jou het. Met al hulle geestelike verklarings oor hoe spesiaal jy vir God is, hoe onvervangbaar jy vir God is, hoe goed jy vir God is en hoe kosbaar jy vir God is, maak hulle jou God se skat. Hulle verander ons toegevoegde waarde deur Christus asof dit ons inherente waarde sou wees. Daarmee verander hulle die bedoeling waarvoor God jou geskep en verlos het. God het jou sy kleipot gemaak om 'n houer vir sy skat te wees, nie sy skat nie. Christus is God se skat en ons is net houers van die lewe wat Hy met ons deel. Kunswerke is gemaak om uitgestal, bekijk en bewonder te word. Eienaars van kunswerke sorg dat hul kunswerke onaantasbaar is en met hierdie eerbied en bewondering behandel

word. Dit is die passie van die moderne Christelikheid! Hulle wil nie houers van die skat, Christus, wees nie. Hulle wil self die skat wees. Wanneer God hulle dan nie laat bewonder en met ontsag behandel word nie, maar as sy kleipotte gebruik, as eienaar hulle blootstel aan verdrukking, verleenthede, vervolging of val, maak God hulle moedeloos met die lewe om sy kleipotte te wees. Dit is egter nie God wat hulle in die steek laat nie. Hulle god wat hulle 'n skat maak en bo die eise van die Christelike lewe en diens verheerlik, is 'n afgod. Afgode laat mense moed opgee op die lewe wat afgode vir mense sou gee. God hou laat ons glo en doen wat kleipotte glo en doen. Preek op Google by ngkerklevubu.co.za ds. Petrus.

Vrydag

2 Kor.4: 1 – 18; 5:16 -21; 11:23 – 29. Teks 2 Kor. 4: 7: “Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref kom dus van God af, nie van ons nie.” Ons is God se bruikbare kleipotte om sy skat te dra. Ons is nie onbreekbare ysterpote nie. Een rede wat ons moedeloos in ons lewe met en diens vir God maak, is die dwaasheid van geestelikes dat God ons goddelike krag sou gee waarmee ons sêlf ons eie swaarkry oorkom en oorwin. Hulle nuwe opgemaakte skatte-siening is dat God ons met sy goddelike krag vervul om 'n goddelike en nie meer 'n swak menslike lewe te leef nie. God sou volgens hulle mense nou laat deel kry aan Sy lewe, krag, mag en persoon om só sy krag ons eie goddelike krag te maak. In hierdie dwaasheid is Christus se menslike lyding en opstanding, nie meer die skat wat mense dra nie. Hulle skat-waarde is nou om God se goddelikheid binne in jou te dra. Met goddelike krag word jy nou God se onbreekbare ysterpot! In hierdie afgodsdien bemark elke geestelike nou sý/háár spesiale variasie van hoe jy hierdie goddelike krag kan kry. Byvoorbeeld: jy moet God se visies en drome jou eie maak; of: met lofprysing, of: met gebed en algehele oorgawe; of: met liefdevolheid, eensgesindheid, weerloosheid en versoenings sentimente (en nog baie ander variasies op die tema) word jy met hierdie goddelike krag vervul; In hierdie afgodsdien glo hulle dat met hierdie goddelike krag in jou, sal jy self verdrukking en vervolging oorkom, en sal jy self uit jou verleenthede en val opstaan. Gelowiges ken egter hulle menslike swakheid as die swakke krag waarin hulle God dien en met Hom leef, en Christus as die Here wat deur sý krag ons vir sy diens behoue laat bly. Ons leef met Hom in geloof wat die Kragtige is, nie deur 'n goddelike krag binne in onself nie. Preek beskikbaar op [google](http://google.com) by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.